# Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #16 — 24 Mei 2015

## 09:30 Oggenddiens

**Ds Fanie Coetzee**

**Tema:** Gebed om die krag van die Gees

Skriflesing: Hand 2:1-13
Sing: Sb.8-1:1,2
Geloofsbelydenis Nicea
Sing: Lied 292:1,2 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: Ef 5:1-21
Sing: Ps.51-2:3,4
**Skriflesing:** Efesiërs 3 **Teks:** Efesiërs 3:16
(Preekbegeleiding)
Sing: Sb.15-1:1,2,3,4
Sing: Lied 588:1,3
Amen: Sb.13-1

Geen Internasionale diens – net Gesamentlike Pinksterdiens om 14:30.

## 14:30 Gesamentlike Pinksterdiens

**Prof Rantoa Letšosa**

Sing: Ps 145 (Afr, Eng, Sotho)
Tswana lied: Tlo Moya o Halalelang 1-5 (Kom Heilige Gees)
Engelse lied: Hymn 156 O God, our help in ages past
Geloofsbelydenis (12 Artikels)
Sing: Ke dumetse ho Morena 1, 3
**Skriflesing:** Genesis 11:1-9(NIV) Handelinge 2: 1-13(NIV)
Sing: Psalm 18 (Afr, Sotho, Eng)
Sing: Ps 150 (Afr, Eng)
Wegstuurseën: Deut 6

| | | |
|---|---|---|
| **Ouderlinge en Diaken aan diens** | Ouderlinge:<br>Chris Vorster & Eddie Vorster | Diaken:<br>Marida van Eeden |

# Dankie aan Blommespan

Baie dankie aan elke lid van die Blommespan wat elke week met groot liefde die blomme reël wat ons tydens die erediens geniet en dan as 'n blyk van ons meelewing aan iemand toeken. Die mense doen moeite om die blomme Saterdae by Siatum op te laai en in die kerkgebou te kom neersit. Die gedagte is dan dat die persoon wat die week verantwoordelik is vir die blomme, dit na die aanddiens gaan aflewer en so die gemeente se liefde konkreet betoon. Julle dienswerk gaan nie ongesiens verby nie! *Indien jy graag wil deel word van die Blommespan, is jy welkom om met Elize Pienaar (079-527-2079) te skakel.*

## Liefdegawes
**by die deure**

**24 Mei**
Oggend: GKSA Sustentasie
Aand: Meelewingsfonds
**31 Mei**
Oggend: Transoranje Instituut
Aand: Meelewingsfonds
**7 Junie**
Oggend: Susterskas
Aand: Meelewingsfonds

*Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.*

## Welkom hier!

**Kobus Schoeman saam met Chané en Elri**
**071-686-0194**

**Mukesh Kumar**
**084-630-1604**



**Wil jy ook by ons gemeente inskakel? Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.**

# Vir die susters

By alle gemeentes is daar sekere verantwoordelikhede en verpligtinge wat deur die susters in gemeenteverband hanteer word. Dit is byvoorbeeld vanjaar ons gemeente se beurt om die gesamentlike afsluiting van al die susters van Potchefstroom in Okt/Nov aan te bied.
Die werk van die susters behels ook onder andere die hantering van begrafnisse, aanbied van gemeentefunksies, asook donasies aan hulpbehoewende instansies.
Aangesien meeste susters deesdae in voltydse beroepe staan, het die meer tradisionele vorm van fondsinsameling deur die susters (bv. gebakverkopings, of spysenering) afgeneem. Dus het die susterskas nie meer 'n deurlopende inkomste nie.
Ons het oor die saak besin en het besluit om die susters van ons gemeente te nader vir 'n jaarlikse vrywillige bydrae.
Daar sal by die deure duidelik gemerkte koeverte (SUSTERS-BYDRAE) beskikbaar wees vir hierdie doel. Koeverte met sustersbydraes kan in die kollektesakkies geplaas word. Die diakens sal dit aan ons tesouriere (Drienie Reinecke) oorhandig.
U betrokkenheid by die susters se aktiwiteite en u bydrae word opreg waardeer. Voorstelle en terugvoer aan die bestuur word verwelkom.
Baie dankie,
Sustersbestuur

# Resepteboek

Ons wil graag 'n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel. Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit. Enige resep is welkom!
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Vir meer inligting kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981

# Verjaarsdae

***Maandag, 25 Mei***
Michelle Fourie (20) 072-985-3424
Paulus Krüger 079-692-2575

***Dinsdag, 26 Mei***
Andries Venter 083-233-5103
Annatjie Verhoef 072-391-2552

***Woensdag, 27 Mei***
Christine Smit 084-582-0882
Debbie van Tonder 084-555-0377
Johanica Venter (6) 083-233-5103

***Donderdag, 28 Mei***
Nic Aucamp 072-226-2126

***Vrydag, 29 Mei***
Liezl Granzier 083-424-1187
Heleen Jv Rensburg 084-516-0559
Germarie Viljoen 084-261-6522

# Meelewing

**Christine Smit** (084-582-0882) het 'n knievervangingsoperasie ondergaan. Ons bid vir haar herstel.
**Sielie Laubscher** (018-293-1230) het die afgelope week 'n hartprosedure in die hospitaal in Pretoria ondergaan. Ons is dankbaar dat sy terug is by die huis en dat alles goed afgeloop het.






# Vlugbal-kompetisie



Die Oosdoppers het ons weer uitgedaag om hierdie jaar by hul Oosdopperfees te kom vlugbal speel. Dit is op Saterdag 30 Mei van 09:00 - 13:00. Skakel vir Nico Botha (071-264-0990) as jy in ons span wil wees!

# Bedanking

As gesin en familie wil ons graag die gemeente bedank vir al die bystand, meelewing, besoeke, blomme, oproepe, boodskappe, drukkies, en eetgoed met die afsterwe van ons geliefde eggenoot, vader en oupa, Ig Vorster. 'n Spesiale dankie vir Ds. Fanie en Ds. Willem vir hulle besoeke en besondere begeleiding deur hierdie hartseer tyd. Dankie ook aan die Susters vir hulle harde werk met die aanbied van die tee en eetgoed na die roudiens. Ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir die genade en voorreg dat ons in Ig so 'n opregte gelowige, en ook 'n sagte, dierbare, en innige eggenoot, vader en oupa gehad het.
Esté, Jan, Hattie, Anzélle, Lawrie, Ouma Hattie en al die kleinkinders.

# Teeskinkbeurte

**24 Mei**
**Wyk 7 (Paulina vd Walt - 0825674727)**
**KG 7 (Ina vd Walt - 0847007034)**

**31 Mei**
**Wyk 8 (Alta Verster - 0824470476)**
**KG 8 (Ans Geertsema - 0731928976)**

**7 Junie**
**Wyk 9 (Carin Kloppers - 0727410672)**
**KG 9 (Elsa Els - 0824600939)**

Baie dankie!

# Pinkster
## op die Bult

*Die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees is 'n besondere gebeurtenis wat ons as gelowiges en die kerk in sy geheel met blydskap vier. Mag ons groei in ons verstaan en belewing van die feit dat die Gees in ons teenwoordig is en in ons werk.*

## — Sop en broodjies —

Vanmiddag 13:00 kuier ons saam met Venterskroon se gemeente oor 'n koppie sop. Ons gaan luister wat die Here deur lidmate se uitreike in ons gemeenskap gedoen het.

## – Gesamentlike Diens –

Ons jaarlikse gesamentlike Pinksterdiens met Oos, Mooirivier, Venterskroon en ander gemeentes vind DV vanmiddag om 14:30 in ons kerkgebou plaas.
Die diens het 'n multikulturele karakter en is gerig op die belewenis van die eenheid in die Here, al is ons gelowiges uit verskillende agtergronde en kulture. Lidmate wat gewoonlik ons internasionale diens bywoon skakel ook by die diens in.

## Wegneemetes Vrydagaand 5 Junie

Die susters beplan wegneem Kerrie en Rys aandetes @R25 vir Vrydagaand 5 Junie. Indien u 'n bestelling wil plaas, skryf asb u naam op die lys in die portaal. Bestellings kan afgehaal word by die saal se kombuis tussen 17:30 en 18:00. Bestellys ook beskikbaar in die G5 koffiekamer tydens die studiesentrum.



## *Ons straatkinders & Thakaneng (6)*

Vir Boipelo, wat vir vier jaar deur Thakaneng gehuisves was, en vroeër by Die Wilgers op skool was, het omgee baie gehelp. Hy en 'n paar ander seuns is deur 'n restaurant-eienaar vir opleiding geneem en hy was altyd daar en stiptelik betyds, terwyl hy soggens meer as twee ure moes stap om by die restaurant aan te meld en na die nagskof moes huis-toe, later darem met sy nuwe fiets. Hy is voltyds aangestel en werk nog steeds by die restaurant en besoek Thakaneng nog gereeld. (Ons gaan meer vertel oor jongmense wat in die middae kan help en ook met Boipelo gesels. Telefoon/Faks: 018 297 0825; Thakaneng is langs SASSA, naby Ikageng se ingang).

*Fanie Jansen van Rensburg*

# Kuierkombuis

Ons eerste besinningsessie oor die Kuierkombuis en ons betrokkenheid by Aardklop het goed afgeloop. Die belangrikste is sekerlik dat ons nuut nadink oor die doel van ons betrokkenheid met die Kuierkombuis. Eintlik pas die projek in al drie die kringe van roeping as gemeente in. OP die Bult kom mense van OOR die Bult vir 'n week op ons voorstoep (In die Bult) verby.
Vanuit dié perspektief wil ons nuut dink oor die fondse wat ons genereer deur die uithuur van die geboue, maar ook oor die aard en karakter van die Kuierkombuis. Die klem van die Kuierkombuis moet dalk verskuif van 'n fondsinsamelingsaksies na 'n gemeente– en gemeenskapsprojek.
Ons dink DV op Woensdagmiddag 3 Junie om 17:30 by Fanie en Judie se huis verder oor die praktiese uitwerking hiervan. Almal is welkom.

# Liturgiese Werkgroep

Die belewing van die gemeenskap deur ons lidmate saam in en van die erediens vereis dat ons op ‘n gereelde grondslag oor alle aspekte hiervan sal besin. Hiervoor het ons die ondersteuning van al ons lidmate nodig en die Liturgiese Werkgroep is ‘n forum hiervoor. Daarom word alle lidmate uitgenooi om hulle belewenis te deel op enigeen of almal van die volgende maniere:

- Kom word deel van die Liturgiese Werkgroep wat sowat drie keer per jaar ontmoet by die Kerksaal van 19:00 tot 20:30 en die volgende ontmoeting is op 25 Mei 2015.
- Kom neeem net deel aan die gesprek van die Liturgiese Werkgroep om spesifieke sake te bespreek.
- Die Liturgiese Werkgroep sal ook graag wil hoor van julle ervarings, behoeftes en bydraes om die belewenis van die erediens op Sondae die belewenis van die erediens van ons lewens te maak.

Skakel met die kerkkantoor of Lou van Wyk (084-520-1086).

## Senior Lidmate (70 en ouer)







**RSVP by Fransa by die Kerkkantoor (018-297-4843) teen moreoggend 10:00.**

---

# Diensgroepe van die diakens

*Kommunikasie vanaf Diakens*

---

**Diensgroep vir ondersteuningshulp**
**– Die Nutsman –**

Japie Arangies (082 684 4547) wil baie graag hulp verleen aan bejaardes in die vorm van die regmaak van klein dinge in en om die huis. Kontak Japie om te kom kyk na die probleem en dan van daar af ‘n plan te beraam. Neem asseblief die vrymoedigheid om van hierdie gratis diens gebruik te maak! Al kostes wat sal bykom is as iets aangekoop moet word vir die herstelwerk.

**Rolstoel beskikbaar in voorportaal**

Daar sal voortaan ‘n rolstoel beskikbaar wees in die portaal vir diegene wat dit benodig om vanaf hul voertuig tot in die kerk te kom en weer terug by hul voertuig. Gebruik asseblief die rolstoel, maar besorg hom dan weer terug in die portaal vir die volgende persoon om te gebruik.

*Hou die Lantern dop vir meer inligting oor elkeen van die Diakonie se diensgroepe!*

---




# HULP GEVRA

Marilda de Oliveira se motor is verlede Maandag op ons kerkterrein gesteel. Is daar iemand van ons gemeente wat vir haar 'n motor kan leen om mee rond te ry? Veral nou dat dit winter word, kan sy moeilik rondbeweeg met haar bromponie. Laat asb vir Fransa by die kerkkantoor weet indien jy kan help. Dit sal baie waardeer word.

## Nuwe OnderOnsie

Die OnderOnsie (ons gemeente se boekie met almal se kontakbesonderhede in) gaan weer binnekort gedruk word. Het jy dalk in die afgelope jaar getrek? Of het jou selfoonnommer of e-posadres verander? Stuur jou adres, selfoonnommer en e-posadres vir Fransa by gkbult@gmail.com of SMS / WhatsApp na 076-391-7578.



## Kontak ons

**Kerkkantoor** 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

**Ds Fanie Coetzee**: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
**Ds Willem Steyn**: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

**Skriba:** Jaap Verhoef: 018-294-6502
**Orrelistes:** Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
**Koster (Molen):** Piet van Maarleveld: 084-776-6113
**Koster (Gerrit Dekker):** Wilma Herbst: 082-965-7525
**Internasionale diens:** Ray Everson: 018-290-6782
**Katkisasie:** Braam Pieterse: 082-923-4881
**Kinderbegeleiding:** Marida van Eeden: 060-977-1124
**Preekbegeleiding:** Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
**Dataprojeksie:** Adelle Lotter: 083-286-3811
**Klank:** Stefan Linde: 072-811-1665
**Tolkdienste:** Kerkkantoor: 018-297-4843
**Preekopnames:** Kerkkantoor: 018-297-4843

**Diakonie:** Elsa Els: 082-460-0939
**Omgee-groep Seniors:** Ans Geertsema: 073-192-8976
**Sopkombuis:** Elsa Els: 082-460-0939
**Kosbank:** Kerkkantoor: 018-297-4843
**Susters:** Judie Coetzee: 082-619-4620
**Onthaalkomitee:** Retha van Wyk: 083-967-1511
**G5 Bediening:** Ds Willem Steyn: 082-854-3587
**Musiekbediening:** Hanlie Steyn: 083 654 8652
**Bedieningskommissie:** Jan Geertsema: 083-271-6570
**Eiendomskommissie:** Faan van Wyk: 082-551-7782
**Liturgiese Werkgroep:** Lou van Wyk: 084-520-1086
**Finansiële kommissie:** Carools Reinecke: 082-568-5652
**Kassier:** Paul Delicado: 082-574-2204

**Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:**
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

**Bankbesonderhede**
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG